.pport and succour. I
:e a letter from you
, that his friends

ı or how it all began.
the last to know. Not
t happening - what
nade a terrible mis-

eatre and want to

Stephanie.

:

vill receive a "present"
ease post on or after
already been publicity

ıs a letter to cover
tc.
ortnum and manson's

sy briewe leesbaar

Deur Ona Lombard

Timol's rol

BESONDERHEDE oor geheime kodes vir die hoofselle (van die Kommunisteparty in Suid-Afrika) asook vir sub-eenhede van die party is met onsigbare ink op die agterkant van „onskuldige briewe" uit Londen aan Timol gestuur.

Verskeie van die briewe wat deur 'n geheime metode leesbaar gemaak is, is by die hof ingedien vir die geregtelike ondersoek na Timol se dood.

'n Streng instruksie i.v.m. die kodes aan hoofselle, is dat lede die kodes moet memoriseer en dan onmiddellik moet vernietig.

'n Voorbeeld van die briewe wat Timol van die Kommunisteparty in Londen ontvang het, word op die foto hiernaas getoon. Die eerste gedeelte: „My dearest Ahmed, Paul has asked me to let you know..." en wat daarop volg, is in gewone leesbare skrif geskryf.

In al die briewe handel die leesbare gedeeltes oor gewone, gemeenplasige onderwerpe soos die weer, toestande van strate in Londen en ander dinge. Op die agterkant van die briefbladsye was die instruksies en boodskappe aan Timol in 'n geheime, onsigbare skrif wat alleen uitgebring kon word deur 'n ander geheime metode.

Bloed en gedistilleerde water moes o.m. gebruik word en dan eers was die boodskap sigbaar soos in die onderste gedeelte van ons foto gesien kan word. (Die foto is van 'n afskrif van 'n oorspronklike brief).

Pamphlet in tea box

BOODSKAP

In dié geval was die boodskap, wat net vir Timol se oë bedoel was, dat 'n geskenk aan hom gestuur word wat duisend pamflette bevat. Die pamflette sou verpak word in 'n doos tee.

Ander geheime boodskappe wat in die hof ingedien is, bevat gelukwensinge aan Timol met die vordering wat hy maak, „on the difficult mission which you have accepted. We are confident that you will go about them with all necessary care and that you will ensure all necessary security."

Timol's security

Timol word gevra of 'n lys met 8 000 name uit die telefoongids kom. Hy word versoek om aan die mense in Londen 'n „skoon adres" te stuur sodat „materiaal" daarheen gepos kan word.

Meer besonderhede word i.v.m. 'n maandelikse studentenuusbrief gevra wat Timol genoem het.

'n Resep om buskruit te maak, word in fyn besonderhede verstrek.

Die resep vir geheime ink word ook gegee: 'n halwe eetlepel hidrokina wat in 'n dessertlepel gedistilleerde water opgelos word. 'n Houtpen moet gebruik word om drukletters in afwaartse strepe te maak.

Oor Timol se planne met 'n studenteblad (die naam word nie genoem nie) word gesê dat dit die begin van 'n partyorgaan kan wees.

● Vervolg op bl. 5, Kolom 2

jaar in 'n padblokkade
hannesburg deur die
aangekeer. Dit was die
van polisie-optrede wat
het tot die inhegtenisn
en aanhouding van talle
se in die Republiek.
op bladsy 5).

In gister se hofverr
het dit onder meer aan
gekom:

- Dat Timol leier w
een van die hoofselle v
Suid-Afrikaanse Kommu
Party wat nou sy hoofl
in Londen het.
- Geheime briewe in
bare ink is uit Londen
mol geskryf. Dit was
agterkant van briewe
handel het oor koeitj
kalfies.
- Met 'n paar druppel
en gedistilleerde water
onsigbare boodskappe
gemaak.